‘n Sterk verhouding met God

Nothing in my hands I bring;

Simply to thy cross I cling

Toplady

‘n Sterk verhouding met God

Soos enige verhouding en vriendskap vereis jou verhouding met God aandag en fokus. Dit beteken dat ek my daaglikse lewe moet afskaal en op God fokus. Jy moet stadiger gaan en stil word.

As jy nie tyd maak vir jou vriende nie, is hulle nie jou vriende nie. As God jou beste vriend is, moet jy jou beste tyd vir hom gee. Rick Warren haal twee verse aan om hierdie punt te illustreer:

Die Here neem dié wat Hom dien in sy vertroue, en maak sy verbond aan hulle bekend (Psalm 25:14)

Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bou die nasies, hoog bo die aarde (Psalm46:11).

Vriendskappe het aandag nodig. Jy sal nooit vir God ken as jy net die eredienste bywoon nie. Jy moet God se woord lees; jy moet nadink oor wat God vir jou sê. En dan: luister. Vriendskap met God is net moontlik as jy Hom vertrou en gehoorsaam. Hy het ons onvoorwaardelik lief. Maar dan moet ons in geloof na Hom uitreik en Jesus Christus as my Here en Verlosser aanvaar.

Op ‘n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar

met die oog op jou nood (Spreuke 17:17).